

23 April

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-16

Die verlore jongste seun verlaat die huis

Die jongste seun sê vir sy pa: "Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom." Daarna het hy alles verkoop en van sy ouerhuis af na 'n ver land vertrek. Selfs vandag nog sou dit totaal ongehoord wees as 'n seun iewers in die Midde-Ooste so iets van sy pa vra. Die motivering vir die versoek sou vertolk word as: "Pa, ek kan nie wag tot Pa doodgaan nie. Gee my asseblief solank dit wat my toekom."

As ek noukeurig kyk na die subtiele maniere waarop ek die "ver land" bo "my vader se huis" verkies het, kom die jongste seun in my skielik na vore. Ek praat hier van 'n geestelike "huis verlaat". As ek my in die gelykenis plaas onder die lig van die Vader se goddelike liefde, word dit pynlik duidelik dat "om my pa se huis te verlaat", baie nader aan my geestelike belewenis is as wat ek miskien ooit kon gedink het. Tog bly ek nog altyd die geliefde kind van die Vader. As die geliefde van my hemelse Vader kan ek deur 'n dal van doodskaduwee gaan, en ek sal nie vrees nie (Ps 23). As sy geliefde ervaar ek sy troos en kan ek ander mense vertroos, konfronteer, aanmoedig of aanspoor sonder vrees vir verwerping of 'n oordrewe behoefte aan aanvaarding of erkenning en waardering.

Ons Here Jesus het dit deur sy Woord en Gees, danksy die Kruis, aan my duidelik gemaak dat ek dieselfde stem mag hoor wat Hy by die Jordaanrivier en op die berg van verheerliking gehoor het. Net soos Hy sy huis by sy Vader het, het ek ook 'n huis by my Vader. Die groot wekroep van ons Vader kom steeds deur sy Seun Jesus, ons Here, tot my en jou en jou kinders: Kom terug na jou Vaderhuis! Daar is baie liefde, baie vergifnis, baie geestelike kos en baie genade. Ja, dit is daar waar jy hoort en waar jy werklik tuis sal wees.

Dr GCP Labuscagne (Bloempark)